UITENHAGE

Gert Scheepers was die eerste wit setlaar in die Gamtoosvallei. Hy het van 1772 op die plaas Rietvallei gebeer. In 1804 is die dorp Uitenhage op Rietvallei gestig, en vir twaalf jaar voor die stigting van Grahamstad was Uitenhage in die spervuur van militêre bedrywighede aan die oosgrens van die Kaap-Kolonie.

Uitenhage heet na die Batavse goewerneur Jacob Abraham Uitenhage de Mist. Hy was verantwoordelik vir die stigting van die dorp, wat tans as die Tuinderp aangebied word. Dit is egter die hart van die motornywerheid. Maar ek sukkel om die Alfa-Romeo garage te kry.

Uitenhage is 25 km noord van Port Elizabeth aan die voorheuwels van die Winterhoekberge en aan die oewer van Swartkopsrivier gelee. Dis naby die see en die Addo-olifantpark, die wildtuin met die digste olifantbevolking ter wereld.

Die Brandwag Hoërskool

STIGTINGSDATUM: 1937
LEUSE: U DIENSWILLIGE DIENAAR
ADRES: DIE BRANDWAG,
UITENHAGE, 6230
WWW.BRANDWAG.CO.ZA

Skoolgeskiedenis

Die Hoërskool Brandwag is in 1937 op Uitenhage gestig op die aandrang van die Afrikaanssprekende gemeenskap om moedertaalonderrig vir hul kinders. NJ Uys was die eerste hoof. Gedurende sy termyn het die skool sy naam, soos voorgestel deur mnre. WA Meyer en RJ Fourie, kleure, wapen en leuse gekry. Die skool is integrerend deel van die Oos-Kaap se motornywerheid, die ryk landboukundige hinterland en die snel ontwikkelende metropool Nelson Mandela-baai.
Die skool het drie koshuise wat kinders van oor die hele Oos-Kaap en elders huisves.

Rugby by Brandwag

Net 350 van die skool se 1000 leerlinge is seuns. Desondanks het die skool 'n ryke rugbytradisie, en het hy veral in die laaste tyd uitstekend presteer. Van 1996 tot 1998 was die eerste span vir 39 wedstryde onoorwonne. In 2007 het Brandwag die Kaapse Provinsiale kampioen vir medium skole in die Burger-kompetisie vir hoërskole geword. Die kompetisie is op Wellington gehou. Een van die hoogtepunte van dié jaar was 'n oorwinning oor die sterk Framesby, en 'n onoorwonne toer na Argentinië. Altesame 36 seuns was op die toer. Dis dus nie verbasend dat Brandwag talle provinsiale spelers opgelewer het nie. Wylie Human is terug van Engeland, en speel tans vir die Lions. Michael Vermaak en Sean Plaatjes speel vir die Valke. Willie Bouwer is vir die Olifante gekontrakteer, en Ashwin van Heerden vir die Cheetahs.

Drie oudleerdinge was Springbokke: Johan van der Merwe en die broers Polla en Carel Fourie. Wayne van Heerden, Wylie Human en Drikus Hancke het vir SA o.21 gespeel. Van Heerden is ook 'n Sewes-Springbok. Michael Vermaak is onderweg oorsee nadat hy vir die Cheetahs uitgedraf het.

Sean Plaatjes was in 1996 kaptein van die SA Skolespan. Ook Dewald Potgieter was kaptein van dié span. Benewens hulle het Freddie Ferreira, Wayne van Heerden en Vincent Gwavu ook vir SA skole gespeel.

Die Brandwag, wat jaarliks die seisoen met 'n top-toernooi afskop, speel teen van die voorste skole in die land, onder meer Affies van Pretoria, Paarl Boishaai, Paarl Gim, HTS Middelburg, HTS Vereeniging, Hoër Landbouskool Boland, Grey PE, Outeniqua en HTS Daniël Pienaar. Sedert 2007 word die skool in die groot skool liga ingedeel. In 2007 het hulle nealskraaps in die Beeldtrofee-finaal teen Hoërskool Ermelo met 12-10 verloor.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Johan van der Merwe
Carel Fourie
Polla Fourie